



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

MODEL 2008

PUNTE: 200

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 67 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige VIER vrae in hierdie vraestel. Beantwoord EEN plantproduksie- en DRIE diereproduksierigtings OF TWEE plant- en TWEE diereproduksierigtings OF EEN diere- en DRIE plantproduksierigtings.
2. Begin ELKE produksierigting bo-aan 'n NUWE bladsy in die antwoordeboek.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.
5. Lees die vrae noukeurig deur en maak seker jy beantwoord dit wat vereis word.

INHOUD

	Vraag en produksierigting	Bl.
1.	Vraag 1: Varkproduksie	3
2.	Vraag 2: Vleisbeesproduksie	6
3.	Vraag 3: Suiwelproduksie	9
4.	Vraag 4: Skaapproduksie (vleis)	15
5.	Vraag 5: Braaikuikenproduksie	18
6.	Vraag 6: Wildboerdery	20
7.	Vraag 7: Lêhoenderproduksie	25
8.	Vraag 8: Skaapproduksie (wol)	28
9.	Vraag 9: Lusernproduksie	33
10.	Vraag 10: Sitrusproduksie	35
11.	Vraag 11: Mielieproduksie	40
12.	Vraag 12: Koringproduksie	44
13.	Vraag 13: Sonneblomproduksie	48
14.	Vraag 14: Groenteproduksie	51
15.	Vraag 15: Perskeproduksie	54
16.	Vraag 16: Hidroponika	58
17.	Vraag 17: Wingerdbou	61
18.	Vraag 18: Aartappelproduksie	65

VRAAG 1: VARKPRODUKSIE

- 1.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – U) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.10 D. 'n Antwoord uit KOLOM B kan net EEN keer gebruik word.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Die korrekte massa van spekvarke tydens bemarking	A	messe
		B	kontrole
1.1.2	'n Apparaat wat gebruik word in die meganisasie van 'n spekfabriek	C	stel 'n begroting op
1.1.3	'n Aspek van bestuur wat gekoppel is aan die praktyk om 'n werker 'n prestasiebonus te betaal	D	vars vleis
		E	20 – 30 kg
1.1.4	Die eerste stap in die neem van 'n finansiële besluit in 'n landboubedryf	F	beheerde mark
1.1.5	'n Verwerkte produk van varkproduksie	G	rekenaars
		H	plaasplan
1.1.6	Die tipe mark wat bepaal word deur vraag en aanbod	I	80 – 90 kg
1.1.7	Sekere mense eet nie varkvleis nie al is hulle honger	J	geloofsoortuiging
		K	'n positiewe kontantvloei
1.1.8	'n Plan wat alle aspekte van 'n boerdery-eenheid aandui sowel as die moontlikheid om uit te brei	L	speenvarkies
		M	motivering
1.1.9	Watter groep varke die laagste koste/sog sal hê as persentasie van die veranderlike koste	N	polonie
1.1.10	Die verhoogde produksie wat in 'n varkproduksie-eenheid verkry word, deur die voer te verander vanaf meel na korrels	O	ekonomiese
		P	vrye mark
		Q	besigheidsplan
		R	winsgrens
		S	globalisering
		T	vervangingsdiere
		U	groeitempo

(10 x 1)

(10)

- 1.2 Voorligtingsbeampies in 'n onderneming kan 'n boer in die produsering en bemarking van varkveis ondersteun.
Watter inligting kan 'n voorligtingsbeampte aan boere verskaf om te help met doeltreffender produsering en bemarking van hul produkte? (5)
- 1.3 Presisieboerdery kan gebruik word om boerderybestuur uit verskeie perspektiewe te verbeter.
Bespreek hierdie stelling deur na hierdie perspektiewe te verwys. (4)
- 1.4 Dui enige VIER items aan wat in die bemarkingsrekords van 'n boer bygehou moet word indien hy spekvarke vir 'n prosesseringsmaatskappy produseer. (4)
- 1.5 Noem TWEE tipes arbeiders wat op 'n varkplaas gebruik kan word. (2)
- 1.6 Dit is somtyds nodig om dissiplinêr teenoor arbeiders op te tree.
Noem VYF belangrike kriteria wanneer daar dissiplinêr teen arbeiders opgetree word. (5)
- 1.7 Die volgende tabel handel oor die gradering van varkveis.

% VLEIS	mm	KLAS
≥70	≤ 12	P
68 – 69	13 – 17	O
66 – 67	18 – 22	R
64 – 65	23 – 27	C
62 – 63	28 – 22	U
≤ 60	> 22	S
BOUVORM	KLAS	
Baie vet	1	
Vet	2	
Medium	3	
Rond	4	
Baie rond	5	
BESKADIGING	KLAS	
Effens	1	
Matig	2	
Erg	3	
Geslag	M/V	

1.7.1 Die abattoir slag 'n sog en die karkasafmetings is soos volg:

19 mm vleis
Medium hoeveelheid vet
Effense beskadiging van vleis op die regterbeen

Noem die merke wat die slagpale op die karkas sal plaas en ook waar die merke op die karkas geplaas sal word. (4)

1.7.2 Die slaghuis ontvang 'n karkas vanaf die abattoir. Die volgende merke is op die karkas van die vark aangebring:

U3 op elke kant
2M een maal op die karkas

Verduidelik die betekenis van elk van hierdie merke. (4)

1.8 Die volgende foto's stel die aktiwiteite in 'n abattoir voor. Verskeie byprodukte word tydens hierdie proses geproduseer.



1.8.1 Noem VIER byprodukte wat verkry word wanneer daar vark geslag word. (4)

1.8.2 Noem DRIE geprosesseerde produkte wat van hierdie byprodukte geproduseer word. (3)

- 1.9 'n Boer bedryf 'n varkeenheid met 300 sôe. Om 'n sukses van sy boerdery te maak, is dit baie belangrik dat die boer van alle belangrike aspekte van sy boerdery bewus is. Noem enige VYF bestuursaspekte wat hy in gedagte moet hou tydens die bedryf van sy boerdery.

(5)
[50]**VRAAG 2: VLEISBEESPRODUKSIE**


- 2.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die LETTER (A – L) langs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.11 D. 'n Antwoord uit KOLOM B kan slegs EEN keer gebruik word.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Inkomste–uitgawe-state	A	'n persoon met die skeppende vermoë om 'n besigheid te begin.
2.1.2	Biologiese boerdery	B	bedryfsontvangste, kapitaalverkope, bedryfskoste, kapitaalbesteding en geld geleen
2.1.3	Vet in beesvleis	C	om profyt te bepaal
2.1.4	Bemerkbaarheid	D	aanvaar/aanbied van omkoopgeld op 'n plaas
2.1.5	Diversiteit	E	boerderystelsel wat die gebruik van sinteties vervaardigde plaasinsette soos plaagdoders, groeireguleerders, ens. uitsluit
2.1.6	T-beenskyf	F	'n gevoel van misnoë of gevoel van onbillikheid wat ontstaan uit die verhouding tussen die werknemer en werkgewer
2.1.7	Baie ernstige oortreding	G	die vetheid en gesondheid van die karkas
2.1.8	Kontantvloei	H	bepaal sappigheid
2.1.9	Wetgewing oor griewe en arbeidsverhoudinge	I	duur snit
2.1.10	Entrepreneur	J	die leefwyse as breër gemeenskappe wat verskil met betrekking tot godsdiens, kultuur, geslag, ouderdom, ensovoorts
		K	die aktiwiteit om die ekonomiese waarde van landbouprodukte/-dienste te verhoog
		L	om die uitvoerbaarheid van 'n besluit te bepaal

(10 x 1)

(10)


- 2.2 Die gradering van vleis in een of ander vorm is feitlik 'n wêreldwye praktyk.
Wat is die doel van die gradering van vleis? (2)
- 2.3 'n Opkomende kleinboer in jou omgewing gradeer nie sy/haar vleis voordat dit verkoop word nie. Hoe sal jy die belangrikheid van die gradering van vleis aan hom uitlig? (3)
- 2.4 Die funksie van vakuumverpakking is om die vleis in 'n perfekte toestand te hou deur die uitsluiting van lug. Lig kortliks die belangrikheid van die uitsluiting van lug by vleisprodukte uit. (4)
- 2.5 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



SLEUTEL: 'Basic fences' = Basiese heinings
'Secondary fences' = Sekondêre heinings
'Camp number' = Kamponommer

- 2.5.1 'n Opkomende boer het 'n stuk grond in die somerreëvalstreek gekoop om met vleisbeeste te boer. Hy/Sy verstaan dat die fisiese beplanning van die veld die onderverdeling van die veld in kampe behels. Hy/Sy wil graag die belangrikheid van die onderverdeling van die veld in kampe uitvind. Hoe sal jy hom/haar adviseer? (4)
- 2.5.2 Doeltreffendheid van reëval affekteer die smaaklikheid van weidings in 'n gegewe veld. Hoe sal die gebruik van kontoere tot die doeltreffendheid van die reëval, veral in kampe soos 8, 9, 10 en 11, bydra? (2)
- 2.5.3 Watter moontlike gesondheidsprobleme kan in kampe 15 en 16 in die somermaande ontstaan? (2)

- 2.5.4 Verduidelik die belangrike aspekte wat betref grondbewaring wat oorweeg moet word by die oprig van heinings om kampe 8 – 11. (3)
- 2.6 Hulpbronbenutting, soos grondbenutting, is belangrik by vleisproduksie. Verduidelik hoe die bestuur van grond as 'n hulpbron voordelig vir 'n vleisboer is. (3)
- 2.7 Rekordhouding in die vleisbedryf is van groot belang omdat dit die boer help om maksimale wins te verkry. (4)
- Verduidelik waarom dit belangrik is vir 'n vleisbeesboer om rekords van sy vliesbeesboerdery te hou. (4)
- 2.8 Daar is baie bemarkingsopsies vir vleisbeeste. Noem enige TWEE kanale wat 'n boer kan kies om sy vleisbeeste te verkoop. (2)
- 2.9 Suksesvolle afwaartse bemarkingsbesighede gaan deur 'n gemeenskaplike siklus van ontwikkeling. Dit begin met die opbou van verhoudings aan die voorkant en vorder na handelsmerkherkenning van hul produkte sodra hulle hulself kommersieel gevestig het. Bestudeer die beesvleisbemarkingketting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Wat is die rol van die volgende rolspelers in die beesvleisbemarkingketting:


- (a) Produsent (1)
- (b) Verwerker (1)
- (c) Groothandelaar (1)
- (d) Kleinhandelaar (1)

- 2.10 Besigheidsbeplanning gaan om resultate. Te veel mense dink aan besigheidsplanne as iets om 'n nuwe besigheid mee te begin, om om 'n lening aansoek te doen of om beleggers te vind. Om 'n besigheidsplan voor te berei is 'n georganiseerde, logiese wyse om na al die belangrike aspekte van 'n besigheid te kyk. 'n Sekere boer in jou omgewing wil 'n vleisbeesboerdery begin en hy/sy wil graag advies kry oor die algemene sleutelkomponente van 'n standaardbesigheidsplan. Die formaat en uitleg van besigheidsplan verskil van besigheid tot besigheid. Gee hom/haar 'n paar idees van onderwerpe wat in 'n besigheidsplan ingesluit moet wees. (5)
- 2.11 Noem moontlike take wat arbeiders op 'n vleisbeesplaas sal moet verrig. (2)

[50]**VRAAG 3: SUIWELPRODUKSIE**

- 3.1 Bestudeer die illustrasies wat oor melkproduksie handel.

- 3.1.1 Identifiseer hierdie gedeelte van die melkmasjien.




- 3.1.2 Die twee werkers in die foto hieronder is besig om melk te bottel. Watter EEN van die twee is beter aangetrek om die moontlike verspreiding van TB te voorkom? (Skryf slegs LINKS of REGS.)



3.1.3 Wat word die tipe melkstelsel in die onderstaande foto genoem?



3.1.4 Die onderstaande sirkelgrafiek verteenwoordig die samestelling van 'n tipiese melkkudde. Benoem die gedeelte van die melkkudde gemerk A.




- 3.1.5 Noem die verandering wat die proteïen in die melk tydens die maak van die produk in die foto hieronder, ondergaan het.



- 3.1.6 Identifiseer die doeltreffendste manier om melk uit 'n koei te verwyder (A of B?).




A



B

Die onderstaande verteenwoordig die stappe wat gevolg moet word om 'n melkmasjien te was. Vrae 3.1.7.- 3.1.10 handel oor die wasprosedure.



3.1.7 Wat word die stof in houer A genoem?

3.1.8 Identifiseer die chemiese stof wat deur B verteenwoordig word.

3.1.9 Wat word die stof in houer C genoem?

3.1.10 Wat is die vereiste temperatuur van die water in Stap 2? (10 x 1) (10)

3.2 Arbeiders is 'n deurslaggewende komponent van 'n melkbeesproduksie-eenheid. Noem enige VIER verantwoordelikhede van bestuur met betrekking tot arbeid. (4)

3.3 Identifiseer die verskil tussen botter en margarien met verwysing na hul oorsprong. Maak 'n lys van die stappe om botter te maak in logiese volgorde. (9)

3.4 Melkkopers neem monsters van die melk op 'n plaas. Hierdie monsters word verkoel en ontleed. Noem DRIE komponente waarvoor melk getoets word. (3)

3.5 Melkorganisasies kan 'n wye verskeidenheid funksies vervul wat insluit prysvorming, bemarking, navorsing, tegniese advies, ensovoorts.

Vergelyk die DRIE hoofmelkorganisasies in Suid-Afrika in tabelvorm. Noem hulle en ook die rol wat elk speel in melkboerdery in Suid-Afrika. (6)

3.6 Die onderstaande tabel kom uit die *Dairy Mail* van Oktober 2003. Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.



Augustus							
Omgewing	Melkproduksie (liter/dag)	DM inname (kg/koei/dag)	Melk inkomste (R/koei/dag)	Voerkoste			Wins bo voerkoste R/koei/dag
				R/koei/dag	c/l	c/kg	
Hoëveld	20	17,08	39,60	20,42	102,10	119,53	19,18
	30	20,02	59,40	27,21	90,70	135,94	32,19
	40	22,93	79,20	34,65	86,63	151,13	44,55
KZN	20	17,35	39,60	13,25	66,20	76,38	
	30	20,16	59,40	20,16	67,21	100,01	
	40	23,01	79,20	29,87	74,69	129,82	
E-Kaan	20	17,28	39,60	13,47	67,35	77,96	26,13
	30	20,15	59,40	21,49	71,65	106,66	37,91
	40	23,31	79,20	30,45	76,13	130,64	48,75
W-Kaan	20	17,10	39,60	18,34	91,71	107,28	21,26
	30	20,13	59,40	25,61	85,35	127,24	33,79
	40	22,98	79,20	33,27	83,18	144,80	45,93

Melkprys	
April	204c/l
Mei	204c/l
Junie	204c/l
Julie	203c/l
Augustus	198c/l
September	196c/l



- 3.6.1 Gedurende die tydperk April – Junie 2003 is produsente wat meer melk gelewer het, bevoordeel.
Gee 'n rede vir hierdie stelling. (1)
- 3.6.2 Bereken die gemiddelde voerkoste vir elke provinsie in rand per koei per dag. Dui die provinsie met die hoogste voerkoste aan.
Toon ALLE berekeninge. (4)
- 3.6.3 Bereken die wins bo voerkoste in rand/koei/dag vir al drie groepe koeie in KwaZulu-Natal. (3)
- 3.7 Trek 'n tabel om te onderskei tussen die voordele, nadele en beskrywings van die volgende terme wat met melkproduksie verband hou:
 - Pasteurisasie
 - Homogenisasie
 - Sterilisasie en UHT-behandeling (9)
- 3.8 Wat word deur die netto waarde van 'n boerdery gereflekteer? (1)
- [50]**

VRAAG 4: SKAAPPRODUKSIE (VLEIS)

4.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.11 B.

4.1.1 Die verantwoordelike gebruik van die veld en ander natuurlike hulpbronne om volhoubare skaapvleisproduksie te verseker, is deel van ...

- A die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid.
- B Agri-SEB.
- C die nasionale grondbewaringprogram.
- D grondhervorming.

4.1.2 Om rekords te hou van die hoeveelheid en kwaliteit van 'n karkas is deel van ... in bestuur.

- A besluitneming
- B leierskap
- C kontrole/beheer
- D organisasie

4.1.3 Die proses waardeur die spiere na slag styf word, staan as ... bekend.

- A koue krimp
- B rypwording
- C veroudering
- D rigor mortis (lykverstywing)

4.1.4 Die optimum temperatuur waarteen rypwording van vleis plaasvind:

- A 0 °C
- B 6 °C
- C 8 °C
- D 10 °C

4.1.5 Die bemarking van 'n produk waar die produk aan enige persoon teen 'n ooreengekome prys verkoop kan word, staan as ... bekend.

- A vrye bemarking
- B beheerde bemarking
- C koöperatiewe bemarking
- D regeringsbemarking

- 4.1.6 Die eerste snit wat in 'n skaapkarkas gemaak word, is om die ...
- A ribbes te verdeel.
 - B karkas in die lengte te verdeel.
 - C kruis uit te sny.
 - D boud uit te sny.
- 4.1.7 Die grootte van die verpakkingsmateriaal word deur ... beïnvloed.
- A die prys van die vleis
 - B die aantal kopers
 - C grootmaat- of kleinmaatverkope
 - D die aantal produsente
- 4.1.8 Watter EEN is NIE nodig wanneer 'n karkas bemark word NIE?
- A Skoon
 - B Gemerk
 - C Opgesny in verskillende snitte
 - D Gegradeer
- 4.1.9 Watter EEN van die volgende stellings hou NIE verband met 'n besigheidsplan NIE?
- A Om jou kennis aangaande 'n besigheid te toon
 - B Formuleer doelwitte
 - C Omskryf van ooreenkoste tussen vennote
 - D Evalueer die produksielyn
- 4.1.10 Wanneer vars vleis vir menslike gebruik verwerk word, is dit belangrik om ...
- A messe te gebruik wat reeds gebruik is.
 - B 'n haarbeskermer te gebruik.
 - C die karkas te was.
 - D elke been te merk. (10 x 1) (10)
- 4.2 Op 'n veiling koop Thomas 'n lewendige skaap van 70 kg teen R15/kg. Hy wil die skaap slag.
- 4.2.1 Bereken die prys wat Thomas vir die skaap betaal het. (1)
- 4.2.2 Die uitslagpersentasie is 55%. Wat sal die geslagte massa van die karkas wees? (2)
- 4.2.3 Bereken die prys van vleis/kg vir hierdie bepaalde karkas na slagting. (4)
- 4.2.4 Watter faktore sal 'n invloed op die prys van die karkas hê? (3)

- 4.3 Evalueer die belangrikheid van die rypwording van vleis met verwysing na die volgende punte:
- 4.3.1 Verduidelik kortliks die veranderinge wat in die spiere van die karkas plaasvind tydens rypwording van vleis. (2)
- 4.3.2 Hoe word vleis rypgemaak? (2)
- 4.3.3 Verduidelik enige VIER gevolge van die rypwordingsproses. (4)
- 4.4 Bestudeer die tabel hieronder wat handel oor die bemarking van heel karkasse en beantwoord die vrae wat volg.

	SKAAP 1	SKAAP 2	SKAAP 3
Lewendige massa	40	60	70
Uitslag-persentasie	55	52	50
Prys/kg geslag	R30	R27	R27
Voerkoste/kg	R5	R6	R8

- 4.4.1 Verduidelik hoe hierdie tabel 'n boer met die bemarking van sy diere kan help. (3)
- 4.4.2 Watter lewendigemassawaarde sal die hoogste inkomste lewer? Verifieer jou antwoord deur die volgende inkomste-uitgawetabel van hierdie data te voltooi.

	SKAAP 1	SKAAP 2	SKAAP 3
	40 kg	60 kg	70 kg
Uitslag-persentasie	55	52	50
Geslagte massa	22		
Inkomste			
Voerkoste	R200		
Wins			

- 4.5 Die gebruik van arbeid is noodsaaklik in skaapboerdery. Noem TWEE aspekte met betrekking tot die voorwaardes vir indiensneming wat in 'n arbeidskontrak ingesluit moet wees. (2)
- 4.6 Verduidelik hoe die oprigting van 'n abattoir vir skape kan bydra tot die verligting van armoede. (4)
- 4.7 'n Besigheidsplan kan vir 'n nuwe of 'n bestaande besigheid opgestel word. Gee DRIE redes om die noodsaaklikheid om 'n besigheidsplan vir 'n bestaande besigheid op te stel, aan te dui. (3)

[50]

VRAAG 5: BRAAIKUIKENPRODUKSIE

- 5.1 Gee EEN woord/term vir die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (5.1.1 – 5.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 5.1.1 Afhangende van die grootte, word die hoender in twee gesny, in die lengte of in kwarte gedeel en met die velkant na onder in 'n vlak pan gebraai
- 5.1.2 Hierdie faktor bepaal die grootte en sagtheid van die vleis van braaikuikens
- 5.1.3 Manlike hoenders, ouer as een jaar, waarvan die vleis uitsonderlik taai is en is net goed genoeg vir sop is
- 5.1.4 Materiaal gebruik om verkoelde en gevriesde pluimvee te bedek om te verseker dat uitstekende kwaliteit behoue bly
- 5.1.5 Beskryf 'n bestuursbeginsel wanneer verlof aan 'n werker toestaan word omdat hy/sy baie produktief was
- 5.1.6 Ontvering van die karkas voordat die braaihoender se ingewande verwyder word
- 5.1.7 Die netto hoeveelheid voer gebruik om een kilogram vleis te produseer
- 5.1.8 Die aantal jare waarvoor langtermynbeplanning voorsiening maak
- 5.1.9 Die proses wat begin deur die opbou van verhoudinge aan die voorkant en vorder na handelsmerkherkenning van hul produkte aan die ander kant
- 5.1.10 'n Sisteem waar data wat verkry word uit 'n sakboekie met daaglikse aktiwiteite en informasie gestoor word (10 x 1) (10)
- 5.2 Rekordhouding is baie belangrik vir die braaikuikenboer en het verskeie voordele. Gee 'n lys van DRIE noodsaaklike fisiese rekords wat die braaikuikenprodusent moet byhou. (3)
- 5.3 Werkers wat by plaaswerk en die verwerking van pluimveeprodukte betrokke is, word by hulle werkplek deur sekere wette beskerm.
- 5.3.1 Watter Wet van die parlement beskerm werkers teen onregverdigte afdanking en diskriminasie op plase? (1)
- 5.3.2 Watter Wet van die parlement beskerm werkers teen beserings op 'n plaas? (1)
- 5.3.3 'n Plaasarbeider word vir die eerste keer by 'n braaikuikenplaas in diens geneem. Watter beskermende klere sal jy vir die nuwe werker aanbeveel? (4)

5.4 'n Braaikuikenboer plaas 12 000 braaikuikens in elk van vyf kuikenhuise met 'n totale vloeroppervlakte van 800 vierkante meter per huis. Die kuikens in al vyf huise is binne 'n week geplaas. Twee-en-veertig dae na die plasing is hulle abattoir toe geneem. Die skoonmaaktydperk vir die huise was 14 dae.

In een siklus lewer die boer 55 200 hoenders aan die slagpale. Die totale slaggewig was 102 120 kg. Die totale hoeveelheid voer wat gebruik is, was 201 200 kg teen 'n koste van R1 000,00/ton. Die boer betaal R8 000,00 rente aan die bank. Bereken die volgende: (Toon AL jou berekeninge.)

5.4.1 Gemiddelde slaggewig (3)

5.4.2 Opbrengs per vierkante meter (3)


5.4.3 Voeromsetverhouding (3)

5.5 Die opstel van 'n besigheidsplan is 'n georganiseerde en logiese wyse om alle belangrike aspekte van die besigheid te oorweeg. 'n Braaikuikenboer wil 'n besigheidsplan vir sy/haar produksie opstel. Noem VYF vereistes wat hy/sy moet oorweeg voordat die besigheidsplan finaal opgestel word. (5)

5.6 Die ontbening en verpakking van braaikuikens kan waarde tot die boer se produk toevoeg.

Ontwerp 'n lys om die korrekte stappe om hoenders te ontbeen, aan te dui. (5)

5.7 Bestudeer die onderstaande grafiek oor die goedkoopste pryse vir gevriesde en vars hoenders vir die tydperk Januarie 2000 tot Oktober 2003 en beantwoord die vrae wat volg.




- 5.7.1 Wat was die prys van vars heel hoenders in Januarie 2000? (1)
- 5.7.2 In watter maand en jaar was die prys van vars heel hoenders die hoogste? (1)
- 5.7.3 In watter maand en jaar was die prys van gevriesde en vars heel hoenders dieselfde? (1)
- 5.7.4 Bereken die prysstyging vir gevriesde hoenders vanaf Oktober 2000 tot Oktober 2003. (1)
- 5.8 Noem DRIE metodes wat die boer kan gebruik om sy braaikuikens te verkoop. (3)
- 5.9 Noem enige VYF bestuursrekords wat die boer teen die einde van elke siklus behoort te hê. (5)
- [50]**


VRAAG 6: WILDBOERDERY

6.1 Beantwoord die volgende vrae.

6.1.1 Bestudeer die volgende illustrasies van toerusting. Waarvoor word die toerusting op 'n wildsplaa gebruik?




6.1.2 Identifiseer die tipe wild wat deur die volgende diagram verteenwoordig word (grootwild of kleinwild).




6.1.3 Met verwysing na die diagram by VRAAG 6.1.2, benoem die deel genummer 8.

6.1.4 Die volgende diagramme dui die horings van 'n roibokram op verskillende ouderdomme aan. Verskaf die ouderdom van die roibokram gemerk A.




6.1.5 Met verwysing na die diagramme in VRAAG 6.1.4, verskaf die ouderdom van die roibokram gemerk B.

6.1.6 Wat is die doel van die oprigting van die strukture hieronder op wildsplase?




Die korrekte hantering van wild is baie belangrik. Om dit reg te doen, is dit uiters belangrik dat die wildhanteringsgeriewe korrek is. Die onderstaande afbeelding is 'n voorstelling van die laaigeriewe op 'n wildsplas. Beantwoord VRAAG 6.1.7 – 6.1.8 oor die laaigeriewe.



6.1.7 Wat behoort die helling van die skuinste gemerk A te wees?

6.1.8 Wat is die afstand van die area gemerk B?


Die onderstaande is 'n plan van bewerkingsgeriewe op 'n wildsplaas. Beantwoord VRAAG 6.1.9 en 6.1.10 wat oor hierdie fasiliteit handel.



6.1.9 Wat word die toerusting gemerk A genoem?

6.1.10 Wat word die vertrek gemerk B genoem? (10 x 1) (10)


6.2 Die diagram hieronder verteenwoordig die karkas van 'n wildsbok.



6.2.1 Benoem die dele waaruit die voorkwart van hierdie wildsbok bestaan. (5)

6.2.2 Stel 'n lys saam om die volgorde waarvolgens die agterkwart se verskillende snitte verwyder word, aan te dui. (5)

6.3 Die volgende is 'n voorstelling van landvorms op 'n wildsplaas.



6.3.1 Benoem die landskapsdele genommer 1 – 4. (4)

6.3.2 Benoem die veldtipes wat by A – D gevind word. (4)

6.4 Kontantvloeibegrotings is 'n gesonde basis vir kredietverlening sowel as finansiële beheer oor die kontantposisie van die onderneming. Stel 'n lys op om die kenmerke van so 'n kontantvloeibegroting aan te toon. (6)

6.5 Baie wildsboere doen hulle eie bemerking van jagtogte. Jy is 'n ervare wildboer wat aan ander boere wil verduidelik watter inligting hulle in brosjures moet sit. Stel 'n lys saam van die belangrike inligting wat nodig is in brosjures om sulke jagtogte te adverteer. (6)

6.6 Die beplanningsfase om 'n doeltreffende wildsplaas te ontwikkel is van kardinale belang. Ondersteun hierdie stelling deur beplanningsriglyne saam te stel wat sal verseker dat jy 'n sukses sal maak met jou wildsplaas. (6)

6.7 Die minister van omgewingsake en toerisme het in terme van artikel 97 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit, 2004 (Wet 10 van 2004) sekere riglyne daargestel oor die ongeoorloofde jag van beskermde wild. Noem enige VIER onwettige jagmetodes van beskermde wild. (4)

[50]

VRAAG 7: LÊHOENDERPRODUKSIE


- 7.1 Verander die onderstreepte woord in elk van die volgende sinne sodat die stellings WAAR sal wees:
- 7.1.1 Vrylopende lêhenne lê hul eiers in pluimveehuisse.
- 7.1.2 Langtermynbeplanning strek oor vyf jaar.
- 7.1.3 Kommunikasie is 'n baie belangrike deel van motivering.
- 7.1.4 Die Wet op Beroepsarbeid en Veiligheid is Wet 85 van 1993.
- 7.1.5 Ekstragroot eiers verwys na eiers wat minstens 50 g elk weeg.
- 7.1.6 Statistieke deur SAPA verwys na pluimveevleis-uitoere.
- 7.1.7 Die Wet op Higiëne van Landbouprodukte is Wet 119 van 1990.
- 7.1.8 Mense met Vigs moet op 'n pluimveeplaas afgedank word weens gesondheidsredes.
- 7.1.9 Die laaste stap in die beplanningsproses is om seker te maak dat daar genoeg kapitaal vir jou plan beskikbaar is.
- 7.1.10 Hoë temperature is nie nadelig vir lêhoenders nie, aangesien hulle in lêbatteryhokke aangehou word. (10 x 1) (10)
- 7.2 Teken die volgende tabel oor en voltooi die ontbrekende inligting aangedui deur 7.2.1 – 7.2.5. (5)

SA graderingstelsel vir hoendereiers

	Graad A	Graad B	Graad C
Dop	Skoon, heel	7.2.1	Gekraak, 1/3 besoedel, geen grond
Lugselgrootte	7.2.2	9,6 mm	Geen beperking
Dooier	Buitelyn natuurlik, rond, redelik gesentreerd	Buitelyn sigbaar matig langwerpig	7.2.3
Uitbreekvoorkoms	7.2.4	Dooier effens plat en vergroot	Dooier vergroot of plat, dun albumen
Massa		Ten minste 49 g per eier	7.2.5

(5)

Die volgende skematiese voorstelling toon die verspreidingskanale in die eierbedryf aan.



7.3 Beantwoord die volgende vrae:

7.3.1 Benoem die blokkies wat deur die vraagnommers 7.3.1 – 7.3.3 gemerk is. (3)

7.3.2 Noem enige DRIE kleinhandelswinkels waar eiers beskikbaar sal wees. (3)

7.4 Die adjunkminister van landbou wat optree namens die minister van landbou, het volgens artikel 15 van die Wet op Standaarde in Landbouprodukte, 1990 (Wet 119 van 1990), bepaalde regulasies ingestel aangaande die gradering, verpakking en bemerking van eiers wat in Suid-Afrika verkoop word.

Stel 'n lys saam vir 'n nuwe verpakkingsfirma wat handel oor die regulasies oor die merkvereistes vir eierhouers. (5)

7.5 Die volgende TWEE boere is albei in die lêhenbedryf. Bestudeer hul finansiële data en beantwoord die vrae wat volg.

Mnr. Dube

KOSTE	Rand	INKOMSTE	Rand	
Kosprys van lêhenne	13 440,00	Eiers	24 418,37	WINS
Voer	8 500,00	Verkope van lêhenne	4 560,00	
Elektrisiteit/ Water		Mis	3 500,00	
Gas vir verhitting	342,00			
Eierhouers	1 554,16			
Veeartsenykunde				
Instandhouding				
Totaal				

Mkhoma pluimveeprojek

KOSTE	Rand	INKOMSTE	Rand	
Kosprys van lêhenne	13 440,00	Eiers	24 418,37	WINS
Voer	10 500,00	Verkope van lêhenne	4 560,00	
Elektrisiteit/ water		Mis		
Gas vir verhitting	342,00			
Eier houers	1 554,16			
Veeartsenykunde	1 230,00			
Instandhouding				
Totaal				

7.5.1 Bereken die netto wins van die twee boere. Toon AL die berekeninge. (6)

7.5.2 Watter EEN van die twee boere was die suksesvolste? (1)

7.5.3 Noem DRIE redes, uit die data in die tabel, waarom die boer genoem in VRAAG 7.5.2 meer suksesvol was. (3)

7.6 Soms is dit nodig om dissiplinêr teenoor arbeiders op te tree.

Noem enige VYF vereistes van dissiplinêre aksies. (5)

7.7 Formuleer riglyne vir arbeiders om te volg wanneer eiers ingesamel word. (7)

7.8 Noem enige TWEE produksierekords met betrekking tot lêhoenders. (2)

[50]


VRAAG 8: SKAAPPRODUKSIE (WOL)

8.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (8.1.1 – 8.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 8.1.11 B.

- 8.1.1 Die doel van grondhervorming in wolproduksie is deel van ...
- A die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid.
 - B Agri-SEB.
 - C die nasionale grondbewaringsprogram.
 - D grondhervorming.
- 8.1.2 Om rekords te hou van die hoeveelheid en gehalte wol per skaap geproduseer, kan 'n boer help om
- A te besluit wanneer om 'n ooi uit te skot.
 - B te bepaal wanneer om die wol te bemark.
 - C die skeerproses te kontroleer.
 - D die arbeid te organiseer.
- 8.1.3 Een van die probleme van wol is dat dit ...
- A kan krimp in water.
 - B warm is.
 - C nie maklik brand nie.
 - D geweef kan word.
- 8.1.4 'n Skaapras waar primêr die pels in die bedryf gebruik word, is die ...
- A merino.
 - B dormer.
 - C karakoel.
 - D Van Rooy.
- 8.1.5 Die bemarking van die produk waar die prys deur 'n kontrak bepaal word, staan as ... bekend.
- A vrye bemarking
 - B beheerde bemarking
 - C koöperatiewe bemarking
 - D regeringsbemarking
- 8.1.6 Die beste kwaliteit wol in alle opsigte kan as ... geklassifiseer word.
- A wasbare wol
 - B kleurbare wol
 - C skoonwol
 - D merinowol

- 8.1.7 Wanneer wol uitgevoer word, word dit verpak in ...
- A plastiekhouders.
 - B bale.
 - C klein houders.
 - D groot houders.
- 8.1.8 Sekere tipes wol kan makliker as ander tipes gekleur word. Noem die tipe wat die maklikste gekleur word:
- A Logs
 - B Penswol
 - C Vagwol
 - D Beenwol
- 8.1.9 Een van die volgende is NIE deel van 'n besigheidsplan nie:
- A Aanduiding van hoeveel jy van jou besigheid weet
 - B Doelwitformulering
 - C Bepaling van ooreenkomste tussen vennote
 - D Evaluering van die produksielyn
- 8.1.10 Wanneer arbeiders met skeerskêre werk, is dit belangrik dat daar aan die ... voldoen word.
- A Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid
 - B Wet op Omheinings
 - C Wet op Standaarde van Landbouprodukte
 - D Wet op Bewaring van Landboukundige Hulpbronne (10 x 1) (10)
- 8.2 Veldbestuur vir 'n skaapboer is belangrik vir 'n volhoubare praktyk. Elke boer moet die plantegroei op sy plaas bestudeer om te bepaal wat die klimaks-plantegroei is.
- 8.2.1 Verduidelik kortliks die belangrikheid van 'n klimaksstadium in plantegroei. (2)
- 8.2.2 Hoe sal jy die doelwitte van optimale veldbestuur bereik? (3)

8.3 Die tekening hieronder verteenwoordig die vag van 'n merinoskaap.



8.3.1 Identifiseer die volgende areas wat op die bostaande diagram gemerk is:

- (a) 4
- (b) 5

(2)

8.3.2 Die foto hieronder toon 'n werker wat 'n skaap skeer. Stel 'n lys saam van die volgorde van gebeure wanneer skape geskeer word.

(8)



- 8.4 Wanneer vag geklassifiseer word, is daar bepaalde kenmerke wat die klas wol bepaal.

Noem die kenmerke van wol wat gebruik word om dit te klassifiseer.



(4)

- 8.5 Buiten gewefde materiaal, noem watter ander materiale van wol gemaak word.

(3)

- 8.6 Gemiddelde skoonwolprysbewegings vir goeie kwaliteit lang (75 – 95 mm) merinowol (weefsters en topvervaardigingstyle) was soos volg:

19 mikron styg 25,8% tot R52,61/kg
 20 mikron was 22,4% hoër op R49,57/kg
 21 mikron styg 23,6% tot R47,51/kg
 22 mikron verhoog met 18,8% tot R44,79/kg
 23 mikron was 21,8% laer op R44,58/kg
 24 mikron styg 21,5% tot R43,64/kg
 Daar was geen aanvraag vir 25 mikron nie.

- 8.6.1 Trek 'n grafiek om die verwantskap tussen mikrons (x-as) en prys (y-as) van wol aan te dui.

(3)

- 8.6.2 Gee VIER redes waarom die 19 mikron-wol die hoogste prys behaal het.

(4)

- 8.6.3 Hoe sal hierdie grafiek die besluit oor die tipe skaapras waarmee geboer gaan word, beïnvloed om sodoende die hoogste moontlike prys vir jou produk te verkry?

(2)

- 8.6.4 Hoekom dink jy was daar geen aanvraag vir 25 mikron-wol nie?

(2)

8.7 Bestudeer die volgende inligting oor wolveselbemarking en beantwoord die vrae wat volg.

Die BKB is die produk van die samesmelting van 'n groot groep wol- en bokhaarmakelaars van die laaste 150 jaar in een organisasie.

Die BKB bemark meer as 70% van die Suid-Afrikaanse wolskeersel en meer as 25% van die bokhaarproduksie. Gesentraliseerde verkope van wol en bokhaar vind gedurende die verkoopseisoen by geskeduleerde veilings in Port Elizabeth plaas.

Die verpakkingshuis-infrastruktuur sluit 'n totaal van vyf verpakkingshuise in. Twee is in Port Elizabeth geleë, een in Kaapstad en twee in Durban. Hierdie verpakkingshuise beskik oor die toerusting om wol- en bokhaarmonsters vir objektiewe meting deur die Suid-Afrikaanse Woltoetsburo (SAWTB) te neem. Wol en bokhaar word ook tot 'n hoë digtheid saamgepers vir verskeping. Gesofistikeerde rekenaarsstelsels verseker 'n gehalte diens aan produsente en kopers vir die hantering van wol en bokhaar vanaf ontvangs tot aflewering.

Die BKB streef na kontaminasievrye wol en bokhaar vanaf die skeerhok tot die verwerker deur die VESELSORGSKEERSELBESKERMINGS-PROGRAM.

Die BKB onderskryf die Suid-Afrikaanse Nasionale Wolkwekersassosiasie se wolklasstandaarde en pas ook die ISO 9002-standaarde toe.

8.7.1 Verduidelik die rol van die BKB in Suid-Afrika. (5)

8.7.2 Verduidelik kortliks die hoofdoel met die registrasie by die ISO 9002-standaarde. (2)

[50]

VRAAG 9: LUSERNPRODUKSIE

- 9.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' teenoor die vraagnommer in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 9.1.1 Indien die voginhoud van kuilvoer meer as 65% is moet chemiese preserveermiddels bygevoeg word om fermentasie te bevorder.
- 9.1.2 Formaliensuur/Mieresuur en propionsuur word nie gebruik om fermentasie by inkuilvoer te beheer nie.
- 9.1.3 Arbeidskoste is een van die fisiese rekords by 'n boerdery-onderneming.
- 9.1.4 'n Besigheidsplan is 'n belangrike dokument vir 'n lusernboer.
- 9.1.5 Sisalbaaltou is nie die veiligste materiaal om by die baal van lusern te gebruik nie.
- 9.1.6 Masjinerie- en trekkerkoste is meer as 1/3 van die totale koste van die hooimaakproses.
- 9.1.7 Die Wet op BVG beteken die Wet op Selfberoepsveiligheid en Gesondheid.
- 9.1.8 Tuberkulose (TB) sal altyd maksimum produksie verhinder veral in die werksplek waar kuilvoer gemaak word en daarom moet daar nie teen geïnfekteerde werkers gediskrimineer word nie.
- 9.1.9 Die sny van lusern word gedoen op 'n 50%-blomstadium om 'n goeie gehalte produk te verseker.
- 9.1.10 Die beheer van 'n boerdery se kontantvloei speel 'n belangrike rol in lusernbemaking. (10 x 1) (10)
- 9.2 Die hoofdoel van 'n begroting is om die kapitaalbehoefte van 'n lusernproduksie-eenheid te bepaal, om beheer oor uitgawes uit te oefen. Noem VIER basiese elemente van 'n begroting. (4)
- 9.3 'n Boer is bekommerd oor die winsgewendheid van lusern. Nadat hy sy rekords nagegaan het beseft hy dat hy in staat moet wees om die gelykbreekpunt te bereken. Die formule om die gelykbreekpunt (GBP) te bereken is:

$$\text{GBP} = \frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Prys/eenheid} - \text{Veranderlike koste/eenheid}}$$

Die volgende inligting word gegee:

Lusernprys = R17,50/25 kg
 Veranderlike koste = R3,50/25 kg
 Vaste koste = R2 000,00/ton

Bereken die GBP vir lusernproduksie volgens die bostaande gegewens. (4)

- 9.4 Kwaliteitsverliese kan die gevolg wees van hark wanneer die hooi te droog is en die klein blaartjies van die droë stingels afval en op die veld bly lê.
- 9.4.1 Wanneer is die korrekte stadium om lusern te sny vir hooi? (2)
- 9.4.2 Die inkuiling van lusern het baie voordele bo die maak van hooi. Noem VIER voordele van die inkuiling van lusern. (4)
- 9.5 Die stoor en bewaring van ingekuilde lusern nadat daar geoes is, is belangrik om die reaksies van bakterieë en ensieme in gestoorde lusern te verminder. Indien kuilvoer te lank aan lug blootgestel word, verloor dit beskikbare koolhidrate wat maak dat nie genoeg melksuur gevorm word nie.
- Verduidelik die negatiewe gevolge van lug in kuilvoer. (4)
- 9.6 Beplanning is 'n dinamiese proses en moet herhaal word na elke verandering vanaf die vorige situasie. Die landbouproduksieproses is dus 'n dinamiese proses. Een van die redes vir beplanning en herbeplanning is die verandering in die patrone van hulpbronne. Lewer kommentaar op die stelling deur te verwys na beplanning en herbeplanning. (3)
- 9.7 Saadproduksiegebiede word gekenmerk deur warm, sonnige somers met geen of min somerreënval. Om goeie kwaliteit lusern te bemark moet goeie kwaliteit lusernsaad gebruik word. Noem die faktore wat goeie lusernsaadproduksie beïnvloed. (3)
- 9.8 In 'n artikel, 'Economics of Lucerne' in die tydskrif *With Lucerne* (2004), word daar aangedui dat wisselbou die winsgrens met 63% verhoog. Die gemiddelde gewas bruto marge het vanaf R1 970/ha na R1 930/ha gedaal. Dit was as gevolg van die laer bruto marges van die lupine-oes en 'n laer opbrengs van die tussenverbouing van gars.
- 9.8.1 Bereken die gemiddelde persentasie daling in die oes bruto marge in die jaar 2004. (4)
- 9.8.2 Lusern word in 'n wisselbouprogram gebruik. Deur gebruik te maak van bogenoemde data, bepaal die winsgewendheid van die boerderyeenheid. (2)
- 9.9 Ongeveer 40% van die hooimaakkoste is gekoppel aan die koste van die masjinerie en toerusting wat vir die hooimaakproses gebruik word.
- 9.9.1 Noem 'n implement wat gebruik kan word om lusern te sny. Noem 'n voorsorgmaatreeël wanneer daar met hierdie implement gewerk word. (2)
- 9.9.2 Nadat lusern gesny is, is daar sekere prosedures wat gevolg moet word voordat die bale verpak kan word. Beskryf die baling van lusern. (4)

- 9.10 'n Plaaswerker het 'n probleem met oormatige drankgebruik. Hy het 'n onbetroubare werker geword. Die boer waarsku hom mondelings en na die derde voorval dank die boer hom af sonder enige verdere waarskuwings of enige oorleg met sy vakbond. Kan hy heraan gestel of afgedank word deur die KVBA? Motiveer jou antwoord.

(4)
[50]

VRAAG 10: SITRUSPRODUKSIE

- 10.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (10.1.1 – 10.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 10.1.11 A.
- 10.1.1 Sitrusbome vereis 'n belegging van ten minste ... jaar voordat bome genoeg vrugte produseer om 'n inkomste aan die sitrusboer te lewer.
- A 2 – 3
 - B 4 – 5
 - C 6 – 8
 - D 1 – 2
- 10.1.2 Die jaarlikse bruto inkomste vir die sitrusboer hang van die ... af.
- A prys en volume
 - B opbrengs
 - C prys
 - D kwaliteit van sy vrugte
- 10.1.3 Wanneer 'n sitrusboer 'n nuwe boord wil aanplant, moet hy beplan vir ... voordat hy kan begin.
- A kultivar- en onderstamkeuse, boomdigtheid en boorduitleg
 - B voorbereiding van gebied en boorduitleg
 - C kultivarkeuse
 - D genoeg kapitaal
- 10.1.4 Die beste grond-pH vir sitrus is ...
- A < 4,5.
 - B 4,5 – 6,5.
 - C 6,5 – 7,5.
 - D > 7,5.

- 10.1.5 'n Voorbeeld van 'n item wat ingesluit word in die produksierekord van 'n sitrusplaas is Watter EEN is ONVANPAS?
- A insekte
 - B dieselkoste
 - C getal werkers
 - D opbrengs
- 10.1.6 Indien vrugte vir monsterneming gepluk word, moet dit verteenwoordigend wees van dieselfde ...
- A boord.
 - B kultivar en onderstam.
 - C ouderdom, kultivar en onderstam.
 - D onderstam en ouderdom.
- 10.1.7 Was word op sitrusvrugte aangebring om ...
- A dit te laat ryp word.
 - B die kwaliteit te verbeter.
 - C insekte weg te hou.
 - D die verlies aan sappigheid te beperk.
- 10.1.8 Die minimum grootte van uitvoerlemone is ...
- A 53 mm.
 - B 65 mm.
 - C 25 mm.
 - D 60 mm.
- 10.1.9 Sitrusbome bereik piekproduksie na ... jaar.
- A 3
 - B 10
 - C 10 – 20
 - D 5
- 10.1.10 Die prys van sitrus hang van die ... af.
- A uitvoermark en kwaliteit van die vrugte
 - B kultivar
 - C kultivar, tipe mark en die uitvoermark
 - D tipe mark. (10 x 1) (10)
- 10.2 Sitrus word wêreldwyd in vyf hoofgroepe verdeel. Noem hierdie VYF groepe. (5)
- 10.3 Deur vrugtesap te maak, voeg die boer waarde by die sitrus. Volgens Regulasie 286 van 1980, klousule 12.2, is daar egter sekere vereistes waaraan vars sitrussap moet voldoen. Noem hierdie vereistes. (5)

- 10.4 Lees die onderstaande artikel oor intelligente gifspuittoerusting en beantwoord die vrae wat volg.



Intelligente gifspuitmasjiene kan nou GPS gebruik om verskillende grondtoestande 'n groot lande op te spoor en is 'n byproduk van die lei- en peilingstelsels wat vir die ruimteprogram ontwikkel is. Sonar- en lasertegnologie word op sproeiers toegepas om teikens op te spoor en die spuitstof direk op die plante en bome wat behandel moet word, te rig, eerder as om 'n voortdurende wolk spuitstof in die lug in te spuit: dit kom van militêre teikenprogramme wat oor die jare heen ontwikkel is en in die onlangse Golfoorlog hul doeltreffendheid bewys het.


Ja, daar is tans sproeiers op die mark wat deur progressiewe boere gebruik word wat in werklikheid na die plant kyk en die spuitstukke draai na aanleiding van die vorm en posisie van die plant. Hulle is so slim dat jy hulle kan programmeer om 'n bietjie gouer oop te maak en 'n bietjie later toe te maak om vir winderige toestande te kompenseer. Raak gewoond aan name soos 'Smart-Spray', 'Tree-See' en 'Tree-Sence' want hulle is tans beskikbaar en kan selfs op enige gifspuitmasjiens gepas word.

- 10.4.1 Noem DRIE voordele van hierdie tipe spuitmasjiene. (3)
- 10.4.2 Wat beteken GPS? (2)
- 10.4.3 Noem die tipe boerdery wat GPS ten volle kan benut. (1)


- 10.5 Die diagram hieronder stel die verpakkingslyn op 'n sitrusplaas voor. Teken die diagram in jou antwoordeboek oor en voltooi ontbrekende byskrifte A – E deur die volgende woorde te gebruik:

Sortering
Was
Ontgroeningkamer
Verpakking en laai
Droogmaking en aansit van was

(5)



10.6 Die volgende data verteenwoordig bepaalde eienskappe van die stuifmasjien.

	
HOOFKENMERKE VAN DIE STUIFMASJIE	
Tenkvolume:	2 000 liter
Pompkapasiteit (vloeiempo) (druk):	300 liter/minuut en druk 35 kg/cm ² (35 bar)
Spuitkoppe (getal, vloeiempo en druk):	44 en 0,40 liter/minuut en 3 bar
Waaierlugspoed:	850 (km/h)
Waaierlugvolume:	1 032 (m ³ /minuut) of amper 62,000 m ^{3v} /uur
Kraglewering:	50,5 HP

10.6.1 Die masjien spuit gif op bome wat 4 meter hoog, 3,5 meter wyd en 6 x 3 meter uitmekaar gespaseer is. Hoeveel bome kan in een minuut gespuit word? (3)

10.6.2 Hoe gereeld sal die masjien volgemaak moet word indien 5 hektaar met 555 bome/hektaar gespuit moet word? Jy wil spuit teen 'n tempo van 15 ℓ/boom. (3)

10.7 Beplanning is 'n dinamiese proses wat voorsiening moet maak vir aanpassings soos omstandighede verander. Landbouproduksie is daarom 'n baie dinamiese proses.

Verduidelik die redes vir herbeplanning op 'n sitrusplaas. (8)

10.8 Tydens die oes van sitrusvrugte moet die voorman oor die oesproses toesig hou. Noem DRIE pligte wat die voorman tydens die oes van die vrugte moet verrig. (3)


10.9 Die gehalte van SA uitvoersitrus word deur 'n gehaltebeheerraad beheer. Noem die naam van hierdie gehaltebeheerraad. (2)

[50]

VRAAG 11:MIELIEPRODUKSIE

- 11.1 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (11.1.1 – 11.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 11.1.11 Bestuur.
- 11.1.1 Die naam van die proses wat gebruik word om gronde te klassifiseer en om die produksiepotensiaal daarvan te bepaal.
- 11.1.2 Gee die naam van die strook in jou land wat hoër is as die ander bewerkte gedeeltes, met gras beplant is en erosie in landerye help voorkom.
- 11.1.3 Die bestuursproses waar 'n klokkaart om arbeiders se werkstyd te bepaal, gebruik word.
- 11.1.4 Die tipe data wat gebruik word om die wins of verlies van 'n agri-besigheid te bepaal.
- 11.1.5 Die seisoen van die jaar waartydens droë mielies geoes word.
- 11.1.6 Die hoofeienskappe van mielies wat deur die gebruik van 'n droër reggestel kan word.
- 11.1.7 Die eenheid gebruik vir die prys van mielies.
- 11.1.8 Die waardetoevoegingsproses wat mieliegruis en mieliemeel sal produseer.
- 11.1.9 Die plan word gebruik om 'n lening by 'n handelsbank te kry om 'n meule op die plaas op te rig.
- 11.1.10 Die gebruik van hierdie chemikalieë om plae te beheer kan allergieë by mense veroorsaak en stilstaande varswater op plase besoedel. (1 x 10) (10)
- 11.2 Verduidelik kortliks die natvergruisingsproses volgens die volgende opskrifte:
- 11.2.1 Verduidelik kortliks die betekenis van die term *natvergruisingsproses*. (3)
- 11.2.2 Noem die DRIE hoofresultate verkry van die natvergruisingsproses. (3)

- 11.3 Bestudeer die tekening van die mieliepit hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



- 11.3.1 Uit watter voedingskomponent in die kern word dekstrose geproduseer? (1)
- 11.3.2 Noem TWEE produkte wat uit die kiemolie gemaak word. (2)
- 11.3.3 Noem die hoofgebruik van die oplosbare dele van die kern. (1)
- 13.3.4 Mielieglutienmeel word verkry vanaf die proteïenhulsels van die mieliekern. Waarvoor word die mielieglutienmeel gebruik? (2)
- 11.4 Bt. is nie 'n kultivar nie. Die Bt.-geen word na bestaande en nuwe kultivars oorgedra en in die toekoms sal meer en meer kultivars met sulke gene beskikbaar wees. Monsanto produseer alreeds kommersieel Roundup-bestande saad met omgewings- en bestuursvoordele vir mielieprodusente.
- 11.4.1 Verduidelik hoe die gebruik van hierdie saad bestuursprosesse op 'n mielieplaas kan bevoordeel. (5)
- 11.4.2 Die gebruik van hierdie saad hou sekere voordele vir die omgewing in. Noem enkele van hierdie voordele. (5)

- 11.5 Die volgende tabel verteenwoordig die uitgawes, vaste koste en veranderlike koste in 'n mielieproduksie-eenheid.

ITEMS	VASTE KOSTE	VERANDERLIKE KOSTE OP 'N SAK MIELIES (100 kg) WAT VIR R100 VERKOOP WORD
Salaris	R71 500	0,35
Belasting en lisensies	R5 000	
Versekering	R6 000	
Waardevermindering	R20 000	
Huur en bruikhuur	R7 000	
Advertensies	R5 000	
Kantooruitgawes	R2 000	
Dienste	R3 000	
Instandhouding en herstel	R8 500	0,85
Voorraad		0,40
Ander	R2 000	0,40
Renteuitgawes	R15 000	
Koste van goedere verkoop		75,00
TOTAAL	R145 000	77,00

11.5.1 Verduidelik die verskil tussen vaste koste en veranderlike koste. (4)

11.5.2 Bereken die gelykbreekpunt (GBP) indien 'n eenheid vir R100 verkoop word. Gebruik die volgende formules:

Kontantomset = verkoopprijs – veranderlike

Gelykbreekpunt = $\frac{\text{vaste koste}}{\text{kontantomset}}$ (4)

- 11.6 John beplan om die volgende seisoen mielies aan te plant en daarom hou hy rekord van die bemerking van mielies op die Johannesburgse Aandelebeurs. Die volgende tabel is saamgestel om hom te help om 'n besluit te neem.

PRYS/TON (R)	HOEVEELHEID MIELIES GEPRODUSEER IN MILJOEN TON (AANBOD)	VERKOPE IN MILJOEN TON (VRAAG)
500	5	10
700	6	9,5
900	7	9
1100	8	8
1300	9	6,5

- 11.6.1 Stip die vraag- en aanbodgrafieke vir mielies. (4)
- 11.6.2 Bepaal die ideale punt waar die aanbod van mielies aan die mark, aan die vraag na mielies in die mark sal voldoen. Verduidelik waarom dit as die ideale punt beskou word. (3)
- 11.6.3 Wat word die ideale punt waarna in VRAAG 11.6.2 verwys word, genoem? (1)
- 11.7 'n Besigheidsplan sal 'n mielieboer help om gestelde doelwitte te bereik. (2)
- Motiveer die gebruik van 'n besigheidsplan deur te verwys na die redes waarom dit gebruik word. **[50]**

VRAAG 12: KORINGPRODUKSIE

12.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – L) langs die vraagnommer (12.1.1 – 12.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 12.1.11 D. 'n Item in KOLOM B kan net EEN maal gebruik word.

	KOLOM A	KOLOM B
12.1.1	'n Proses wat gebruik word om te kies tussen alternatiewe met die doel om die verlangde resultaat te bereik	A diversifikasie/verskeidenheid B verbruikerswetgewing C gluten
12.1.2	Dit is 'n manier om 'n groot groep moontlike kliënte deur die kommunikasiemedia te bereik	D aanbod E kontantvloei
12.1.3	Die bemarkingsinstrumente wat gebruik word om risiko te verminder	F vraag G advertensie
12.1.4	Regsdokumente wat deur die departement van landbou gebruik word om verbruikers te beskerm	H sekel I seis
12.1.5	'n Proteïen in koringmeel wat werk soos kougom as dit gekou word	J inheemse kennis K besluitneming
12.1.6	'n Beraming van alle kontant-inkomste en -uitgawes soos wat dit voorkom	L arbeid
12.1.7	Die hoeveelheid koring wat in die mark aangebied word op 'n gegewe oomblik teen 'n bepaalde prys	
12.1.8	Koringsnyers het in die verlede hierdie gereedskap gebruik om koring met die hand te sny	
12.1.9	Hierdie koste is die hoogste koste in enige onderneming	
12.1.10	Kennis tipies van 'n bepaalde streek of land	

(10 x 1)

(10)

- 12.2 'n Opkomende boer wil 'n koringproduksie-eenheid begin. Gebruik die inligting hieronder en stel 'n besigheidsplan op wat hierdie boer kan gebruik. Kies die korrekte opskrifte vir die kategorieë hieronder aangedui.

Aard van besigheid	Bestuur	Kliënteprofiel
Aannames	Prysrisiko	Geouditeerde inkomste staat vir die laaste drie jaar
Definisies en Notas	Produksierisiko	Fasiliteitplanne
Visie	Finansiële risiko	Indiensneming
Missie	Marksegment	Personeelplan
Indiensneming	Groeipotensiaal	Administratiewe plan

'n Besigheidsplan bestaan uit die volgende:


- A Besigheidsbeskrywing.
- B Marknavorsing en Aannames
- C Operasionele plan
- D Risiko-analise.
- E Finansiële plan

Trek die tabel oor en vul die korrekte terme in uit die lys hierbo.

1	BESIGHEIDSBESKRYWING
12.2.1	
2	MARKNAVORSING EN AANNAMES
12.2.2	
3	OPERASIONELE PLAN
12.2.3	
4	RISIKO-ANALISE
12.2.4	
5	FINANSIËLE PLAN
12.2.5	

(5)

12.3 Die volgende is 'n illustrasie van die voedingswaarde van volgraanbrood.



Broodpryse het in 2005 verder gestyg. Wit gesnyde brood (700 g) het met 4,55% gestyg, terwyl bruin gesnyde brood (700 g) met 2,04% gestyg het in die tydperk Januarie 2005 tot April 2005. Meelpryse het in dieselfde tydperk met 1,18% gedaal.

12.3.1 Waarom is volgraanbrood belangrik in die menslike dieet? (2)

12.3.2 Wit gesnyde brood het R4,50 voor die bogenoemde verhoging gekos. Wat sal hierdie brood na die prysverhoging kos? (2)

12.3.3 Bereken die persentasie styging in die wins van die bakkery as gevolg van die styging van witbroodpryse. (2)

12.4 Die volgende foto toon 'n masjien wat in die produksie van koring gebruik word.



12.4.1 Identifiseer die masjien in die foto hierbo. (1)

12.4.2 Verduidelik kortliks die werking van die masjien by die oes van koring. (3)

12.4.3 Depresiasie kan gedefinieer word as die verlies in waarde van 'n bate soos masjinerie. 'n Boer wil sy/haar rekords aanvul. Gebruik die inligting hieronder ('n reguitlynmetode) om die jaarlikse depresiasie van die masjien getoon, te bereken. Die formule om depresiasie (D) te bereken:

$$D = \frac{CP - S}{L}$$

'n Boer koop 'n gekombineerde oesmasjien teen 'n kosprys (CP) van R1 000 000. Die ware geraamde verkoopwaarde (S) is R100 000 en 'n verwagte nuttige gebruiksduur (L) van 10 jaar. (4)

12.5 Die maal van koring is 'n proses waardeur die korrels in meel of semolina (wat verkry word van die prosessering van durum) gemaal word en wat amberkleurig is. Koringverwerking behels maal en ander prosesse by die meule. Verduidelik hoe rou koring verwerk word vanaf die maalproses tot by die eindproduk (meel). (5)

12.6 Biotegnologie is belangrik vir maksimale wins. Impakanalises is nodig om al die rolspelers te betrek. Noem die verskillende partye betrokke wanneer geneties gemanipuleerde organismes (GMO's) wat vir voedselproduksie gebruik word, in die mark bekendgestel word. (4)

12.7 Landboukoöperasies het verander en is 'n unieke deel van Suid-Afrika se vryemarkstelsel. Die meeste is as besigheidkoöperasies georganiseer met die uitsluitlike doel om die behoeftes van sy gebruikerslede te bevredig eerder as om 'n wins te maak. Wat is die basiese funksies van koöperasies as 'n landbouorganisasie in moderne landbou? (5)

12.8 Die volgende uittreksel verwys na die impak van menslike siektes op sakeondernemings.

MIV/Vigs-statistieke dui op 'n ongelooflike 3,1 miljoen sterftes wêreldwyd (2005), 5 miljoen infeksies in 2005 en 40 miljoen wat met MIV/Vigs saamleef. Twee derdes van dié wat geaffekteer word, leef in Afrika suid van die Sahara.

Buiten ooglopende kwessies soos produktiwiteit in die werksplek en moraal, meen sommige mense dat firmas nie genoeg doen om hierdie pandemiese siekte hok te slaan nie. Baie firmas weeg die vraagstuk van interne programontwikkeling en -implementering op teenoor afhanklikheid van die openbare gesondheidsprogramme van hul gasheerlande.

[Uittreksel van 'n verslag: *A Closer Look at Business Education: HIV/AIDS* gebaseer op die navorsingsprogram van Aspen Instituut, Desember 2006]

Noem DRIE beperkinge wat MIV/Vigs vir 'n besigheid inhou. (3)

- 12.9 Kontantvloeibegrotings kan vir kort, medium of en lang termynne opgestel word. Wat is die belangrikheid van 'n kontantvloeibegroting?

(4)
[50]

VRAAG 13: SONNEBLOMPRODUKSIE

- 13.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (13.1.1 – 13.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.

13.1.1 Vir baie firmas is MIV/Vigs op saketerrein besig om van 'n filantropiese kwessie na een van risikobestuur te verander.

13.1.2 Verliese wat voor oes plaasvind, kan nie bepaal word deur die hoeveelheid sade op die grond te tel nie.

13.1.3 Om galsterigheid in gestoorde olies te voorkom, moet die produsent skoon, droë houers vir verpakking gebruik.

13.1.4 Sonneblomsade met 'n hoë olie-inhoud is gestreep.

13.1.5 'n Boer moenie sonneblomme produseer sonder die vasstelling en bevestiging van die vraag vir daardie jaar nie.

13.1.6 Gebruik verbeterde na-oes-tegnologie en prosesseringtegnieke om na-oes-verliese te vermy.

13.1.7 Een van die produkte wat van sonneblomolie gemaak word, is botter.

13.1.8 Delegering is nie die afwenteling van gesag nie.

13.1.9 Bruto marge is die wins van 'n boerderyonderneming.

13.1.10 Entstof is 'n veranderlike koste. (10 x 1) (10)

- 13.2 Vir 'n boer is dit altyd 'n kopseer om tussen verskeie faktore/oorwegings 'n uitvoerbaarheidstudie te moet kies om wins te maksimaliseer. Bespreek kortliks elkeen van die volgende faktore:

13.2.1 Tegniese faktore (1)


13.2.2 Kommersiële faktore (2)

13.2.3 Finansiële oorwegings (1)

13.2.4 Organisasie- en bestuuroorwegings (1)

13.2.5 Sosiale en omgewingoorwegings (2)

- 13.3 Bemerkingswetgewing is noodsaaklik vir die doeltreffende funksionering van bemarkingstelsels. Wat is die rol van ekonomiese regulasies in die bemarking van sonneblomme? (3)
- 13.4 'n Begroting is 'n belangrike komponent van enige onderneming. Wat is die belangrikheid van 'n begroting by die produksie van sonneblomme? Hoe word die verwagte wins uit die begrotingsplan bepaal? (4)
- 13.5 Sonneblomolie en margarien is belangrike byprodukte vir huishoudelike gebruik. Die grafieke hieronder verteenwoordig, die prys van kookolie in vergelyking met die prys van margarien.



- 13.5.1 Wat was die styging in die prys van 750 ml kookolie vir die tydperk Maart 2000 tot Januarie 2003? (2)
- 13.5.2 Noem TWEE maande waarin die prys van kookolie en margarien dieselfde was. (2)
- 13.5.3 Gedurende watter tydperk was die prys van margarien stabiel rondom R6 – R7 per 500 g-blok? (2)

- 13.6 Agri-toerisme is 'n selektiewe vorm van toerisme. Dit vind plaas op die plaas en verteenwoordig 'n spesifiek vorm van besigheid. Agri-toerisme het 'n uitwerking op die sosio-ekonomiese situasie in landelike omgewings. Volgens Huylensbroeck e.a. (2006) is die skakel tussen landbou en toerisme tweevoudig. Aan die een kant kan plase en plaasaktiwiteite bydra tot die aantreklikheid van landelike gebiede, daarom verhoog dit die vraag na landelike toerisme in 'n bepaalde gebied. Aan die ander kant kan boere baat vind by die verhoging van landelike toerisme deur plaasdiversifikasie. Dit vind óf direk plaas deur die verskaffing van akkommodasie aan toeriste óf indirek deur die verhoging in die vraag na streeksvoedselprodukte. Op hierdie wyses kan landelike toerisme tot diversifikasie en versterking van die inkomste van plaasaktiwiteite in landelike gebiede bydra.

[Uittreksel uit *Proceedings from the first International Conference on Agriculture and Rural Development*, Topusko, Kroasië, 23 – 25 November 2006]

- 13.6.1 Na aanleiding van die teks hierbo, beskryf kortliks wat jy verstaan onder die term *agri-toerisme*. (2)
- 13.6.2 Dui enige DRIE voordele van agri-toerisme vir landelike plase of gebiede aan. (3)
- 13.7 Begrotings is 'n belangrike komponent van agri-besigheid. Noem DRIE vorms van vaste koste wat in 'n begroting ingesluit kan wees. (3)
- 13.8 Rekordhouding is een van die voorvereistes vir sonneblomproduksie. Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BATES		LASTE	
Bedryfsbates	<u>95 000</u>	Bedryfslaste	<u>33 600</u>
Mediumtermynbates	<u>58 500</u>	Mediumtermynlaste	<u>15 000</u>
Langtermynbates	<u>338 000</u>	Langtermynlaste	<u>48 500</u>
Totale bates	<u>187 300</u>	Totale skuld	<u>97 100</u>
		Netto waarde	<u>13.8.2.9</u>
		Totale laste	<u>13.8.10</u>

- 13.8.1 Identifiseer die tipe finansiële staat hierbo. Wat is die hoofdoel van hierdie tipe finansiële staat? (2)
- 13.8.2 Wat word bedoel met die term *netto waarde*? (2)
- 13.8.3 Bereken die netto waarde vanaf die data in die tabel hierbo. (2)
- 13.8.4 Onderskei tussen mediumtermyn- en korttermynbates en gee 'n voorbeeld van elk. (6)

[50]

VRAAG 14: GROENTEPRODUKSIE

14.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (14.1.1 – 14.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 14.1.11 B.

14.1.1 Tydens plaasbeplanning vir groenteverbouing is dit belangrik om ...

- A afvalwater as besproeiingswater te gebruik.
- B die organiese inhoud van gronde te verhoog.
- C die grondstruktuur te verander vanaf 'n krummelstruktuur na enkelkorrelstruktuur.
- D die waterkapasiteit van gronde te verlaag.

14.1.2 Watter EEN van die volgende is NIE belangrik in presisieboerdery NIE?

- A Rekordhouding van temperatuurkommeling
- B Optimale kalibrering van die spuit
- C Bemesting van plante sonder grondontleding
- D Gebruik van drupbesproeiing in plaas van vloedbesproeiing

14.1.3 Een van die hoogste koste in 'n groentebegroting is ...

- A saad.
- B water.
- C brandstof.
- D arbeid.

14.1.4 Arbeiders wat gehuur word om te oes, is 'n voorbeeld van ...

- A permanente arbeiders.
- B seisoenale arbeiders.
- C geleentheidsarbeiders.
- D daaglikse arbeiders.

14.1.5 Watter EEN van die volgende is NIE WAAR van 'n boer wat groente bespuit met insektedoders NIE?

- A Hou rekord van die aktiewe bestanddeel van die insekdoder.
- B Hou rekord van die hoeveelheid spuitstof gespuit
- C Hou rekord van die datum gespuit
- D Hou rekord van die trekker gebruik om te spuit

14.1.6 Groente wat by 'n landboumark verkoop word, is...

- A op vraag en aanbod gebaseer.
- B op kontrakbasis.
- C volgens ooreenkoms met die minister van landbou.
- D volgens ooreenkoms met die markbestuurder.

- 14.1.7 Wanneer groente vir prosessering gekies word, moet dit ...
- A van laer gehalte wees.
 - B met insekte geïnfesteer wees.
 - C skoon en gesond wees.
 - D met organiese materiaal gekontamineer wees.
- 14.1.8 Voordat wortels verkoop kan word, moet dit eers ... word.
- A gemerk
 - B geklassifiseer
 - C gewas
 - D verpak
- 14.1.9 Die grootste prosesseringsmark vir groentes is ...
- A vars produkte.
 - B gevriesde groente.
 - C geblikte groente.
 - D uitgevoerde groente.
- 14.1.10 Watter EEN van die volgende lewer die grootste bydrae tot die entrepreneurskapmark vir groente?
- A Landboumarkte
 - B Straatverkopers
 - C Kettingwinkels
 - D Prosesseringmaatskappye
- (10 x 1) (10)
- 14.2 Nkubani het 2 ha grond gekoop en besluit om groente op die grond te verbou. Die grond kan in ½ ha kleigrond, 1 ha leemgrond en ½ ha sanderige grond verdeel word.
- Help hom met die beplanning van die gronde om groente te verbou. (5)
- 14.3 Die beheer van die meganisasiestekoste op 'n plaas is deel van die bestuursaspek van 'n boerderyonderneming.
- Watter faktore sal 'n invloed op die koste verbonde aan die besit en gebruik van plaasgereedskap hê? (5)
- 14.4 Blansjering is baie belangrik by groenteprosessering.
- 14.4.1 Waarom moet groente geblansjeer word? (3)
- 14.4.2 Verduidelik kortliks die proses van blansjering. (8)

14.5 Verduidelik die belangrike aspekte by die stoor van die volgende groente:

14.5.1 Groen groente (1)

14.5.2 Knolle en bolle (1)

14.5.3 Ryp tamaties (1)

14.5.4 Gedroogte groente (1)

14.6 Bestuur van 'n entrepreneurskap soos 'n groenteboerdery is een van die belangrikste komponente vir sukses.

Definieer die begrip *bestuur*. (5)

14.7 Bestudeer die volgende tabel oor wortelproduksie en beantwoord die daaropvolgende vrae.

	MAART	APRIL	MEI	JUNIE	JULIE	AUGUSTUS
Plant	4 g saad	8 g saad	5,3 g saad	6,6 g saad		8 g saad
Oes			Oes Feb. aanplanting	Oes Mrt. aanplanting	Oes ½ van Apr. aanplanting	Oes ½ van Apr. aanplanting

14.7.1 Watter tipe rekordhouding word in die tabel hierbo gereflekteer? (1)

14.7.2 Verduidelik waarom daar geen aanplantings gedurende Julie sal plaasvind nie. (1)

14.7.3 Gee 'n rede waarom daar geen wortels gedurende Maart en April sal wees om te oes nie. (2)

14.8 'n Boer wil 'n ekstra trekker koop, eerder as om 'n kontrakteur te gebruik om die werk te doen. Die volgende tabel is 'n gedeeltelike begroting om te bepaal of die besluit lewensvatbaar sal wees.

KOSTE PER JAAR VIR AANKOOP	WAARDE	KOSTE PER JAAR VIR KONTRAKTEUR	WAARDE
Depresiasie	7 000	52 weke x 1 dag x 500	26 000
Rente	7 275	10 x 1000	10 000
Versekering	1 000		
Subtotaal	15 275	Subtotaal	36 000
Diesel en instandhouding	10 000		
Trekkeroperateur	10 000		
Totaal		Totaal	

- 14.8.1 Bereken die totale koste van elk van die volgende:
- (a) Die huur van 'n kontrakteur
 - (b) Die koop van 'n trekker (2)
- 14.8.2 Wat is die verskil in besparing as 'n persentasie indien 'n trekker gekoop word in plaas daarvan dat 'n kontrakteur gebruik word? (2)
- 14.8.3 Sal dit kostedoeltreffend wees 'n trekker te koop? Staaf jou antwoord. (2)
- [50]**

VRAAG 15: PERSKEPRODUKSIE

- 15.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (15.1.1 – 15.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 15.1.11 B.
- 15.1.1 Wat is die minimum getal halwe perskes wat in 'n blikhouer van 400 – 500 ml ingesluit moet wees?
- A 3
 - B 5
 - C 7
 - D 10
- 15.1.2 Wat is die minimum lengte van gesnyde perskes indien dit as keurgraad bemark word?
- A 45 mm
 - B 40 mm
 - C 35 mm
 - D 25 mm
- 15.1.3 Die beste tyd vir 'n boer om herstelwerk aan sy spuittoerusting te doen, is gedurende die ...
- A spits-oesseisoen.
 - B lente wanneer die bome vol bloeisels is.
 - C winter wanneer die werkslading op die plaas laag is.
 - D somer wanneer die perskebome in die spitsgroeiseisoen is.
- 15.1.4 Depresiasie kan gedefinieer word as ...
- A slytasie.
 - B om uit die mode te wees.
 - C agteruitgang.
 - D Al die bogenoemde

- 15.1.5 Nadat dit gepluk is, word perskes meganies geborsel om ...
- A al die plaagdoderreste te verwyder.
 - B enige plae op die perskes te verwyder.
 - C die dons op die oppervlak te verwyder.
 - D die suikerinhoud van die perskes te verhoog.
- 15.1.6 Die beste tyd om perskes vir die uitvoermark te oes, is in die ...
- A volwasse harde stadium.
 - B volwasse sagte stadium.
 - C onvolwasse harde stadium.
 - D onvolwasse sagte stadium.
- 15.1.7 Wanneer geblikte perskes gekies word, is dit gesonder om perskes te vind waarvan die etiket soos volg lees:
- A 'Verpak in kunsmatige sap.'
 - B 'Verpak in eie sap met suiker bygevoeg.'
 - C 'Verpak in eie sap met geen suiker bygevoeg.'
 - D 'Verpak in kunsmatige sap met geen suiker bygevoeg.'
- 15.1.8 Watter taaipitperskes sal gebruik word om soeterige smere te maak?
- A Effens groen perskes
 - B Ferm ryp perskes
 - C Volryp perskes
 - D Oorryp perskes
- 15.1.9 Die kontantvloei van 'n besigheid kan maklik verkry word vanaf die...
- A inkomstestaat.
 - B daaglikse balansstaat.
 - C begrotingstaat.
 - D jaarlikse balansstaat.
- 15.1.10 Watter EEN van die volgende is 'n voorbeeld van 'n eksterne faktor in 'n besigheidsplan?
- A Skenkers
 - B Nuwe IT-stelsel
 - C Ontwikkeling van 'n nuwe produk
 - D Opknapping van 'n fabriek
- (1 x 10) (10)
- 15.2 Beantwoord die volgende vrae oor die rypword van perskes.
- 15.2.1 Wanneer vind rypwording plaas? (1)
- 15.2.2 Hoe is dit moontlik om die rypwordingsproses te vertraag? (2)


15.2.3 Hoe lank kan perskes by die toestande in VRAAG 15.2.2 genoem, gestoor word? (1)

15.3 In die foto hieronder is die werker besig om perskes met die hand te oes. Verduidelik hoe 'n boer sal weet wanneer die perskes reg is om geoes te word.



15.4 Verduidelik die verpakkingproses van perskes. (7)

15.5 Droëperskes is EEN van die maklikste maniere om perskes te verwerk en om waarde daarby te voeg.



15.5.1 Noem enige TWEE kenmerke wat perskes geskik maak vir die drogingsproses. (2)

15.5.2 Wanneer perskes gedroog word, ondergaan dit sekere prosesse. Noem hierdie prosesse. (3)

15.5.3 Identifiseer enige VIER fisiese kenmerke van perskes wat as droëperskes bemark word. (4)

15.6 Presisieboerdery kan gebruik word om veld- en plaasbestuur te verbeter vanuit verskeie perspektiewe. Noem hierdie perspektiewe. (4)

15.7 'n Werker doen nie haar werk nie en daarom moet daar dissiplinêr teenoor haar opgetree word. Noem die belangrike aspekte wanneer daar dissiplinêr opgetree moet word. (5)

15.8 Die volgende is 'n uittreksel uit 'n begroting vir die produksie van volwasse perskes vir 'n tydperk van een jaar op 'n ½ hektaar grond met 141 bome.

ITEMS	KOSTE
Veranderlike koste	10 739,47
Vaste koste	1 205,05
TOTALE SPESIFIEKE KOSTE	11 944,52

15.8.1 Noem TWEE van die aanvanklike hulpbronnevereistes om hierdie begroting te kan opstel. (2)

15.8.2 Hierdie boer ontvang R20/houer vir sy perskes. Hoeveel houers met perskes moet hy verkoop om gelyk te breek volgens hierdie tabel? (2)
[50]

VRAAG 16: HIDROPONIKA

- 16.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – R) langs die vraagnommer (16.1.1 – 16.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 16.1.11 D. 'n Antwoord uit KOLOM B mag net EEN keer gebruik word,

	KOLOM A	KOLOM B
16.1.1	Motivering van arbeiders	A goeie kwaliteit
16.1.2	'n Basiese bestuurstaak wat essensieel in die besluitnemingsproses is	B 7,5 C groot
16.1.3	Die aantal varsproduktemarkte in Suid-Afrika	D 16 E ekstra vergoeding
16.1.4	Die % heffing wat aan markagente betaalbaar is	F 22
16.1.5	Varsproduktemarkte benodig hierdie tipe produkte	G beplanning H koördinerings
16.1.6	Finansiële data	I rentekoerse
16.1.7	Produksierekord	J liter gif gebruik
16.1.8	Natuurlike hulpbron	K verpakking van produkte deur die boer
16.1.9	'n Voorbeeld van waarde-toevoeging tot produkte	L opbrengs
16.1.10	Elke werkgewer wat meer as 20 mense in diens het, se verpligting	M water N arbeid O om goeie produkte te lewer P Wet op die regulasies van sakepersele Q Wet 85 van 1992 R voedsel

10 x 1 (10)

16.2 Die bemarking van groente wat in hidroponika-eenhede verbou word, benodig gereelde en sorgvuldige oorweging deur die boer. Markte raak al hoe meer mededingend na gelang meer en meer boere van produksie op oop lande na omgewingsbeheerde produksie oorskakel. Beplanning is die eerste tree in suksesvolle bemarking en moet in detail voltooi word voor gewasse aangeplant word. Ondersteun hierdie stelling deur VYF markte te noem aan wie 'n boer sy/haar produk kan verkoop. (5)

16.3 Produkte mag nooit hardhandig hanteer word nie, aangesien dit baie gevoelig is vir kneusing en kan beskadig. Verklaar hierdie stelling deur 'n lys saam te stel van maniere waarop kneusing tot 'n minimum verminder kan word. (5)

16.4 Die opkomende hidroponika-boer wil 'n rugsakspuit koop om insekte te bestry. Gee enkele riglyne aan die boer oor die kriteria waarna daar gekyk moet word vir die aankoop van die regte rugsakspuit. (6)

16.5 Die volgende tabel is 'n aanduiding van die koste van hidroponika gedurende die eerste jaar.

BESKRYWING	KOSTE
Oprigting van kweekhuis	R106 870,00
Plant- en opleitoerusting	R94 127,00
Besproeiingstoerusting	R44 125,00
Bedryfskoste vir 'n seisoen	R255 275,00
Totale koste	R500 379,00

16.5.1 'n Boer bemark 29 231 kassies tamaties teen 'n gemiddelde prys van R11/houer in 'n sewe-maande-tydperk. Sal die eerste jaar winsgewend wees? Toon AL die berekening. (3)

16.5.2 Hoeveel jaar sal dit hierdie boer neem om 'n wins te toon indien oprigtingskoste ook ingesluit word? Staaf jou antwoord met die nodige berekening. (3)

16.6 Die volgende is basiese elemente van 'n begroting. Herskryf die lys en gee EEN voorbeeld vir elke item wat in die begroting van die hidroponika-boer ingesluit is, byvoorbeeld Insette – arbeid:

Hulpbronne

Eksterne faktore

Parametrisering


Begrotinghorison

Insette

Pryse

(6)

16.7 Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae oor presisieboerdery.



16.7.1 Verduidelik die term *presisieboerdery*. (2)

16.7.2 Identifiseer TWEE tegnologiese komponente in die proses. (2)

16.7.3 Noem enige DRIE voordele van presisieboerdery. (3)

16.8 Noem die VYF bestuurstake van 'n boer. (5)

[50]

VRAAG 17: WINGERDBOU

- 17.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – W) langs die vraagnommer (17.1.1 – 17.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 17.1.11 D. 'n Antwoord uit KOLOM B mag net EEN keer gebruik word.

	KOLOM A	KOLOM B
17.1.1	Die omskakeling van druiwesuiker na alkohol	A GPS
17.1.2	'n Eenheid wat gebruik word om die suikeringheid van druiwesap te meet	B balansstaat
17.1.3	Is 'n vrugbare alluviale grond (spoelgrond) wat in warmer riviervalleie voorkom	C lente
17.1.4	Die seisoen wanneer die nodusse op die ranke begin swel en bot	D druiwesap
17.1.5	Waardetoevoeging	E pH
17.1.6	Bestuurstaak	F fermentasie
17.1.7	Insette in druiweproduksie	G skalie
17.1.8	'n Boer leen R50 000 by die bank en die totale rente beloop R4 000. Bereken die rentekoers.	H graniet
17.1.9	'n Rekeningkundige staat wat die finansiële opset van 'n onderneming op 'n spesifieke tyd aandui. Ingesluit is wat die besigheid besit, wat dit skuld en wat die eienaar in die besigheid geïntesteer het.	I 20
17.1.10	Hierdie aspek is kritiek vir presisieboerdery	J koördinering
		K organisasie
		L 8
		M kunsmis
		N verkope
		O GPRS
		P winter
		Q alkohol
		R inkomstestaat
		S pH
		T karboneer
		U 12
		V herfs
		W bestuur

(10 x 1)

(10)

17.2 Die prent hieronder is die etiket vir 'n wynbottel. Die etikette moet aan bepaalde regulasiekriteria voldoen. Dui die korrekte beskrywings vir die name soos aangedui deur 17.2.1 – 17.2.4 aan.

(4)

Informasie op die etiket gedruk

17.2.1

17.2.2

17.2.3

17.2.4

Oorsprong

Volume

Naam en Adres

Land van Oorsprong (nie verpligtend vir die plaaslike mark)

17.3 Hierdie is 'n aanduiding van sommige wynroetes in Suid-Afrika.



- 17.3.1 Wat is die term wat gebruik word vir mense wat agri-besighede besoek? (1)
- 17.3.2 Noem enige VIER voordele om die mense genoem in VRAAG 17.3.1 op jou plaas te hê. (4)
- 17.4 Lees die volgende gevallestudie oor organiese boerdery by Bon Cap Organic Winery en beantwoord die vrae wat daarop volg.
- Bon Cap Organics het 'n spoor van glorie gebaan vir organiese wyne met hul 2002-eersteling wyne. 'n Reeks toekennings het dié nuwe produseerder op die kaart geplaas as 'n trotse ambassadeur vir Suid-Afrikaanse organiese wyne.

Na 'n geskiedenis waar hulle kosbare druiwe aan 'n koöperasie-stelsel gelewer is, was Roelf onwillig om sy topgehalte, organies geproduseerde druiwe by die omvangryke generiese wyne van die koöperatiewe produseerders te voeg. 'n Groot belegging is in 'n wynmakery gemaak, en nadat die plaas die organiese sertifisering ontvang het, is die eerstelingwyne onder die landgoed se eie etiket vrygestel.

Organiese boerdery is heeltemal natuurlik vir Roelf. Die plaas word al vir generasies lank volgens organiese beginsels bewerk. 'Dit is baie eenvoudig,' sê hy. 'Wat jy uithaal, moet jy weer terugsit.' Hy raai belangstellende boere wat wil omskakel na organiese boerdery aan om te begin deur hul spuitmasjiene weg te gooi. Toe hy met organiese boerdery begin het, het hy nie net gesukkel om boeke vir leiding oor organiese boerdery te kry nie, maar dit was ook onmoontlik om organiese spuitstowwe vir wingerde te kry.
- 17.4.1 Beskryf die betekenis van die term *organiese wynboerdery*. (2)
- 17.4.2 Hoe kan 'n boer amptelike erkenning as 'n *organiese boerdery-onderneming* kry? (1)
- 17.4.3 Beskryf kortliks die plaagbeheerpraktyke toegepas deur 'n organiese boerdery. (1)
- 17.4.4 In die studie noem Roelf dat 'wat jy uithaal, moet jy weer terugsit'. Wat bedoel hy met hierdie stelling? Gee EEN voorbeeld van organiese boederypraktyke. (2)
- 17.5 Stel 'n lys van VYF wingerdbou-aktiwiteite saam wat die arbeiders op die plaas moet verrig. (5)
- 17.6 Dit het algemeen geraak om van 'fisiologiese rytheid' as die kritieke punt om druiwe te oes, te praat. Noem TWEE metodes wat 'n boer kan gebruik om die fisiologiese rytheid van sy/haar druiwe te bepaal. (2)
- 17.7 Bestuur behels die neem van besluite. Die bestuurder moet besluite neem oor die verkryging, aanwending en bestuur van die produksiefaktore. Ondersteun hierdie stelling deur 'n lys saam te stel van SEWE stappe in die besluitnemingsproses. (7)

17.8 Gebruik die volgende inligting om 'n balansstaat vir Boschkop op te stel.

Bedryfsbates		
Kontant	R24 000	
Rekeninge ontvangbaar	R57 000	
Inventaris	R287 000	
Vaste bates	R870 000	
Bedryfslaste		
Rekeninge betaalbaar	R134 000	
Skuldbewyse betaalbaar	R87 000	
Langtermyn laste	R115 000	(5)

17.9 'n Essensiële roetinetaak in wingerde is snoeiwerk. Noem enige DRIE beginsels of doelwitte van die snoeiproses. (3)


17.10 Noem enige DRIE grondkenmerke wat vir optimale groei van wingerde nodig is. (3)

[50]

VRAAG 18: AARTAPPELPRODUKSIE

- 18.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (18.1.1 – 18.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 18.1.11 Waar.
- 18.1.1 Dit is nie nodig vir kontoerwalle op steil, sanderige gronde waarop aartappels verbou word nie.
- 18.1.2 'n Seisoenale begroting is 'n absolute noodsaaklikheid voordat aartappels aangeplant word.
- 18.1.3 Die huidige prys van aartappels sal 'n invloed hê op die begroting vir aartappelproduksie.
- 18.1.4 Aangesien aartappels 'n seisoenale produk is, is dit moeilik om 'n positiewe kontantvloei deur die seisoen te handhaaf.
- 18.1.5 Die aartappels wat 'n boer vir sy werkers gee, moet op die uitgawestaat aangetoon word.
- 18.1.6 Die tydsverloop tussen aanplanting en oes is nie deel van die produksierekords nie.
- 18.1.7 Mediumgrootte aartappels weeg tussen 50 – 100 gram.
- 18.1.8 Die grootste hoeveelheid aartappels word in skyfieprosessering gebruik.
- 18.1.9 Aartappelprosessering kan deel wees van die agri-toerisme-bedryf.
- 18.1.10 Die sukses van 'n besluit hang af van die spoed en akkuraatheid waarmee dit geneem word. (10 x 1) (10)
- 18.2 Daar is bepaalde bestuursaspekte wat belangrik is wanneer aartappels geoes word. Noem SES van hierdie aspekte. (6)
- 18.3 Daar is sekere beperkings op die verkoop van aartappels in Suid-Afrika. Verduidelik kortliks VYF regulasies waaraan aartappels moet voldoen indien aartappels in Suid-Afrika verkoop word. (5)
- 18.4 In moderne boerdery is presisieboerdery van uiterste belang. Wat is die voordele van presisieboerdery? (5)
- 18.5 Arbeid is deel van 'n aartappelonderneming. Op watter wyses kan die produktiwiteit van arbeiders verhoog word? (5)
- 18.6 Om 'n volhoubare onderneming te bewerkstellig, moet 'n aartappelprodusent rekord hou van bepaalde markaspekte. Noem VIER markaspekte waarvan rekord gehou moet word. (4)

- 18.7 Aartappels leen hulself tot entrepreneurskap soos die een in die advertensie. Jy wil hierdie toerusting koop om jou eie besigheid te begin en jy moet dus 'n besigheidsplan op stel.




GROOT GELDWENNER! MAKLIKE PROFYT BY SKOLE, VLOOIMARKTE ENSOVOORTS.

- VLEKVRYE STAAL
 - 250 x 40cm bamboespenne ingesluit.
 - Ook bekend as aartappeldraaier.
 - Vind die regte plek en verdien groot geld.
 - Of plaas dit op jou kinderspyskaart.
 - Olie by minstens 180 grade C, 3 minute tot kraakbruin eenheid.
 - Neem koste van R1 per aartappel en die res is wins.
 - Profyt: 500% plus.
- R950,00**

- 18.7.1 Verduidelik kortliks die basiese komponente van 'n besigheidsplan. (4)
- 18.7.2 Verduidelik die elemente wat die suksesvolle implementering van 'n besigheidsplan sal bevorder. (4)

- 18.8 Die volgende grafiek dui die hoeveelheid verkope van gemengde groente, aartappelskyfies en aartappelrepias vir die tydperk 2000 – 2004 aan.



- 18.8.1 Watter mark was die stabielste oor die laaste vier jaar? (1)
- 18.8.2 Watter mark toon die grootste groei oor die laaste vier jaar? (1)
- 18.8.3 Vir watter mark sal jy aartappels aanplant? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
- 18.8.4 Watter faktore sal die hoeveelheid aartappels wat aan die prosesseringsmark gelewer moet word, laat styg? (3)

[50]

TOTAAL: 200